-GEHEIM-

520/3/4/18 (14)

1 (13)

AFDELING MILITÊRE INLIGTING
PRIVAATSAK X199
PRETORIA
0001
1988 -08- 18
PRETORIA
MILITARY INTELLIGENCE
38/4

Kopie Nr 1... van ..12..

LMH/S/302/6/F109

Telefoon : 71 1211
Bylyn : 2297
Navrae : Kmdt H.C. Geyer

Lugmaghoofkwartier
Privaatsak X199
Pretoria
0001

17 August 1988

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2015 -02- 16
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

OORSESE BESOEK: CHILE AANBOD CROTALE 3000 STELSEL

INLEIDING

1. Die SA Lugmag is tans besig met die uitbouing van sy lugafweervermoë onder Projek FLYWHEEL. Produksie van nuwe generasie uitrusting word beplan vir 1995/96. Weens die groot eskalasie van die lugbedreiging in SWA huidiglik, asook die verwagte bedreiging teen die RSA in die vroeë negentigs moes daar noodwendig na interim oplossings gekyk word. Daar is derhalwe besluit dat die huidiglike Cactus Stelsel opgeknap/opgradeer moet word en dat daar na die verkryging van addisionele Crotale Stelsels gekyk moet word.

DOEL

2. Om onderhandelings te finaliseer tussen Chili, Thompson CSF, die SALM en Krygkor tov pryse, terme ens, maar ook om fisiese identifikasie van verlangde toerusting te doen.

MOTIVASIE

3. Chili het 'n aanbod vir stelsels, onderdele, missiele en toetsapparaat aan die SAW gedoen, maar na onderhandelinge met onder andere Thompson CSF is slegs die onderdele, missiele en toetsapparaat tans beskikbaar.

4. Die onderdele en toetsapparaat is uiters belangrik vir die Cactus herstel/opgraderingsprogram.

5. Onderhandeling tussen Chili, Thompson CSF en die Projekspan gaan nou 'n kritieke fase binne en dit is nie meer moontlik om sinvolle onderhandeling dmv FAKS-berigte te doen nie. Dit is nou dringend nodig dat al die partye om een tafel moet gaan sit om alle onderhandelinge te finaliseer.

6. Voorts het Chili deur middel van die RSA Militêre Attachè laat weet dat hulle slegs met weermagpersoneel wil onderhandel. Indien onderhandeling deur die burgerlike sektor (Krygkor) gedoen word sal dit 'n verhoging van ongeveer VSA $M 2 meebring.

991

PERSONEEL

7. Aangesien die Chili Weermag aangedring het om slegs met SAW personeel te onderhandel is dit dringend noodsaaklik dat 'n baie sterk SALM span gestuur word.

8. Dit is dus noodsaaklik dat 'n minimum van twee lede met die regte agtergrond gestuur word.

9. Die volgende lede is genomineer:

a. 05495734PE Kol J.J. Steenkamp. Hierdie lid beklee die pos van SSO Projekte Grondstelsels te LMHK en as sulks koördineer hy alle grondstelselprojekte. Hierdie lid beskik oor die nodige ondervinding vir onderhandeling met buitelandse kliënte en is ook bekend met die Chileense onderhandelaars.

b. 05500897PE Kmdt H.C. Geyer. Hierdie lid is die Projekoffisier vir Projek FLYWHEEL wat verantwoordelik is vir die uitbouing van die SALM se puntverdedigingvermoë waaronder die verkryging van Crotale 3000 toerusting ressorteer. Hierdie lid beskik oor die nodige ondervinding vir onderhandeling met buitelandse kliënte en sal die fisiese identifikasie van die verlangde toerusting doen.

10. 'n Krygkor span sal die besoek meemaak.

SEKERHEID

11. Geen spesiale sekerheidsreëlings word be-oog nie, maar alle reëlings word met Krygkor ge-koördineer.

DATUMS VAN BESOEK

12. Weens die operasionele dringendheid van die saak moet die besoek so gou as moontlik plaasvind. Daar die saak ook baie sensitief is kan geen spesifieke datum vasgestel word nie.

FINANSIEEL

13. Kosteberekening vir twee lede vir 15 dae is as volg:

a. <u>Reiskoste</u> = R8 400
Begrotingskode
Item : 151203
Serie : 2002355020

b. <u>Reis en Verblyfkoste</u> = R12 000
Begrotingskode
Item : 152015
Serie : 2002355030

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2015 -02- 16
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

3 (11)

c. Kleretoelaag = R1 240
Begrotingskode
Item : 151001
Serie : 2002355010

14. Geliewe magtiging te verkry vir hierdie besoek.

(J.P.B. VAN LOGGERENBERG)
HOOF VAN DIE SA LUGMAG: LT GENL

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2015 -02- 16
J.A.L STEINMANN
7256350 6PE WO1

HCG/JHVDM

DISTR

Vir Optrede

Kopie no

HSAW (HSI) 1-4

Ter Info

HSAW (HSP) 5
HSAW (HSL) 6
HSAW (HSF) 7
HSAW (HS Plan) 8
KMG 9
MA Santiago 10

Intern

DBB 11
LMH/S/302/6/F109 12